



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

18 Julie 2021

## Vanoggend se erediens

**Tema:** Waarvoor bid jy?

**Skriflesing:** 2 Kron 1:1-13

Die jong koning Salomo het 'n geleentheid gekry wat net in sprokiesverhale moontlik is. Hy kon vra net wat hy wou, en God sal dit vir hom gee.

Sy keuse is verrassend, maar dit dwing ons om vir onself te vra waarvoor óns sou vra as ons in sy plek was, en waarvoor ons nou vra.



## Só glo ons

### Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.

Ek glo ...

## Ons Program

### Vandag:

- 📌 **Aanlyn-erediens** olv ds. Jaco Thom
- 📌 **Sondagskool** - Geen
- 📌 **Deuroffer:** Jahweh

### Sondag 25 Julie:

- 📌 **Aanlyn-erediens** olv ds. Jaco Thom
- 📌 **Sondagskool** - Geen
- 📌 **Deuroffer:** Vennootskappe NGKA Vrystaat

## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

### Julie

- 18 Du Toit Odendal
- 18 Elizne Venter
- 19 Elri Naudé
- 20 Lea van Jaarsveld & Arné Bester
- 23 Ina Pitout (90j)**
- 24 Gert Deysel



### Voorbidding

- 📌 Vir dié wat deur die afgelope week se **brande** skade gely het.
- 📌 Vir **ons land** en sy mense; vir almal wat geraak is deur die opstande en plundering, en vir hulle wat wet en orde moet handhaaf, vir die ekonomie wat 'n groot knou gekry het, vir voedselsekerheid te midde van die onrus.



### Koster is met verlof ...

Annemarie Dercksen is met verlof tot 19 Julie.



### Bybels

Lidmate word genooi om asseblief bietjie by hul vriende, werkers, huis- en tuinwerkers uit te vind of hulle Bybels nodig het of benodig en asseblief vir Phillip du Plessis in kennis te stel. Hulle het Engels, Afrikaans en S/Sotho Bybels en ook 'n klompie boekies in dieselfde tale vir kinders waarin die verhaal van Jesus vertel word. Phillip du Plessis: 084 969 2634 & Elize du Plessis: 082 333 5012

<u>Leraar:</u>	<b>Jaco Thom</b>	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	<b>Madette Lombaard</b>	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	<b>Elmien Thom</b>	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	<b>Annemarie Dercksen</b>	072 499 4262	<a href="mailto:annemarie.dercksen@yahoo.com">annemarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		facebook <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		